higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LANDBOUBESIGHEID
NKR VLAK 2

(1011032)

17 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 2 addenda.

420Q1N2217

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. VRAAG 2 en 4.3 moet in die ADDENDA (aangeheg) beantwoord word. Skryf jou EKSAMENNOMMER in die ruimtes wat aangedui word, maak dit los van die vraestel en gee dit saam met die ANTWOORDBOEK in.
5. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK.

1.1.1 Daaglikse transaksies van die plaas word chronologies aangeteken in die … .

A grootboek
B joernale
C proefbalans
D balansstaat

1.1.2 Saad, kunsmis en onkruiddoders is voorbeelde van … koste items.

A vaste
B veranderlike
C roerende
D bedryfs-

1.1.3 Die … is ’n boek wat gebruik kan word om vir kapitaaluitgawes te betaal.

A tjekboek
B rekordboek
C kasboek-ontleding
D kasboek

1.1.4 Die … is ’n finansiële staat wat die waarde van die plaas se bates en laste aandui.

A inkomstestaat
B kontantvloeistaat
C balansstaat
D eienaarsekwiteit

1.1.5 Watter rekord is ’n permanente opsomming van al die ondersteunende joernale, soos die verkoops- en kontantontvangstejoernaal en die kontantuitbetalings?

A Proefbalans
B Joernaalinskrywing
C Finansiële staat
D Algemene grootboek

Copyright reserved

1.1.6 Die wet van ... verklaar dat as alle ander faktore konstant bly, hoe hoër die prys, hoe minder mense ’n sekere plaasproduk sal koop.

A aanbod
B bemarking
C vraag
D kapitaal

1.1.7 … bemarking is ’n tipe bemarking waar ’n groep boere saamkom om hulle produkte aan kliënte te verkoop.

A Kontrak-
B Gemeenskaps-
C Plaashek-
D Entrepreneurskap-

1.1.8 … is wanneer die boer of besigheid nou geld bestee om voordele in die toekoms te kry.

A Salarisse
B Belegging
C Koste
D Arbeid

1.1.9 Die veiligste metode om melk op die plaas te berg sodat dit vars bly terwyl dit geberg word, is … .

A om dit in houers te hou
B deur verkoeling
C om die melk te kook
D om op te hou om die koeie te melk

1.1.10 … is ’n stelsel wat ontwikkel as gevolg van landbou-ekologiese potensiaal, die relatiewe beskikbaarheid van grond, arbeid en kapitaal en die vraag na lewende hawe produkte.

A Produksie
B Weiding
C Gemengde voeding
D Degradasie

(10 × 1) (10)

Copyright reserved

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.2.1 Een van die komponente van prysing is kosteberekening.

1.2.2 Belasting is die geld wat aan die regering se werknemers betaal word ná die lewering van dienste aan die regering.

1.2.3 Wanneer groente verbou word, is dit nie nodig om op te hou om sekere chemikalieë te gebruik 'n paar dae voor dit geoes word nie.

1.2.4 'n Agent is 'n persoon wat produkte produseer en dit aan die kliënte verkoop.

1.2.5 Trekkerversekeringspremies is 'n voorbeeld van korttermyn laste.

1.2.6 Die rypheidsindeks help om te bepaal of vrugte en groente reg is om geoes te word.

1.2.7 Aanbod is die aantal produkte wat verbruikers bereid is om teen 'n gegewe prys te koop.

1.2.8 Die infrastruktuur verwys na die dienste en geboude hulpbronne wat 'n plaas se ekonomiese aktiwiteite ondersteun.

1.2.9 Dit is raadsaam dat boere 'n potensiële mark vind voordat fondse in plaasproduksie belê word.

1.2.10 'n Verslag is 'n skriftelike of gesproke beskrywing wat mense inlig wat gebeur het.

(10 × 1) (10)

Copyright reserved

1.3 Kies ’n term uit KOLOM B wat pas by ’n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Tamaties gereed vir verpakking en verspreiding	A	gradering
		B	inkomstestaat
1.3.2	Individue wat tamaties koop en in hulle huise gebruik	C	uitgawes
1.3.3	Bestuur van plaasproduksie, plaashulpbronne, menslike kapitaal, risiko en beplanning	D	kontrakbemarking
		E	verbruikers
1.3.4	’n Sake-aktiwiteit wat gedoen moet word voordat enigiets op ’n plaas geproduseer word	F	entrepreneurskap
		G	rentekoers
1.3.5	Kontant bestee deur ’n landboubesigheid vir die produksie van groente of om met hoenders te boer vir die mark	H	produk
		I	balansstaat
		J	klaarprodukte
1.3.6	Klassifikasie van plaasprodukte deur kwaliteitskenmerke soos kleur, grootte en vorm te ondersoek	K	verskaffers
		L	marknavorsing
1.3.7	’n Formele verkoopooreenkoms tussen die boer en sekere kleinhandelaars		
1.3.8	Die koste om fondse te leen		
1.3.9	’n Finansiële staat van ’n plaas wat winsgewendheid in ’n sekere tydperk aandui		
1.3.10	’n Finansiële staat wat die waarde van plaasbates en die omvang van plaaslaste in ’n sekere tydperk aandui		

(10 × 1) (10)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

Copyright reserved

AFDELING B

VRAAG 2

Die inligting hier onder toon die ontvangstes en betalings van Senwabarwana Boerdery-onderneming vir die tydperk 01/01/2020–31/12/2021.

ITEMS	BEDRAE (R)
Bankkoste	12 000
Bemarkingskoste	18 000
Wortelverkope	16 500
Saad en saailinge	8 000
Inkomstebelasting	13 000
Huurgeld	5 000
Vleisverkope	54 800
Plaagdoders	13 900
Kunsmis en kalk	7 500
Kontrakteurskoste	1 500
Brandstof en smeermiddels	23 000
Eierverkope	26 950
Versekering en lisensies	21 800
Voer	12 300
Braaikuikenverkope	53 780
Gehuurde vervoer	44 790
Bokverkope	49 700
Herstelwerk en instandhouding	2 900
Elektrisiteit en water	10 900
Uieverkope	13 400
Arbeidskoste	12 500
Geld ontvang deur toerusting aan ander boere te verhuur	10 900
Telefoon	4 000
Ander groenteverkope	19 000

Gebruik die bogenoemde inligting om ’n inkomstestaat vir Senwabarwana Boerdery-onderneming op ADDENDUM A (aangeheg) op te stel. Sekere van die inligting is vir jou aangeteken.

Skryf jou EKSAMENNOMMER in die ruimtes wat aangedui word, maak dit los van die vraestel en gee dit saam met die ANTWOORDBOEK in. **[30]**

Copyright reserved

VRAAG 3

Pieter van der Merwe, 'n graanboer in die Wes-Kaap het vanoggend stropers ter waarde van R250 900,00 gekoop. Die sloopwaarde is 20% van die kosprys en die masjinerie het 'n nuttige lewe van 5 jaar. Daarbenewens het die reguitlynmetode gebruik om die depresiasie van bates op sy plaas te bereken.

3.1 Gebruik bogenoemde inligting om die jaarlikse depresiasie van die masjinerie te bereken. (5)

3.2 Wat sal die boekwaarde van die masjinerie vyf jaar later wees? Toon al die berekenings. (5)

3.3 Noem DRIE voordele van die reguitlynmetode. (3 × 2) (6)

3.4 Noem TWEE nadele van die reguitlynmetode. (2 × 2) (4)

[20]

VRAAG 4

4.1 Definieer die term *bemarking.* (2)

4.2 Definieer die term *mark*. (2)

4.3 Voltooi die tabel op ADDENDUM B (aangeheg) deur aan te dui onder watter opskrif elke item behoort. Die eerste DRIE items is aangedui as 'n voorbeeld.

Skryf jou EKSAMENNOMMER in die ruimtes wat aangedui word, maak dit los van die vraestel en gee dit saam met die ANTWOORDBOEK in. (16)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 70

Copyright reserved

AFDELING C

VRAAG 5

5.1 Boer → Kleinhandelwinkel → Verbruiker

5.1.1 Noem die tipe bemarkingskanaal wat hier bo getoon word. (1)

5.1.2 Noem DRIE voordele van die bemarkingskanaal wat hier bo getoon word. (3)

5.2 Noem VIER nadele van villages bemarking. (4)

5.3 Mnr Chiloane het 3 000 hoenders. Hy is bekommerd dat sy henne nie genoem eiers produseer nie. Die tabel hier onder gee die standaard persentasie henne wat eiers lê op sy plaas.

Beantwoord VRAAG 5.3.1–5.3.3 met verwysing na die tabel hier onder.

Ouderdom van hoenders in weke	22	23	24	25	27	30	31	33	39	41	49	56	65	71
Persentasie lêhenne	0	8	39	45	51	79	75	78	60	61	59	63	59	61

[Bron: *Farmers Weekly Magazine, 4 January 2009*]

5.3.1 Op watter ouderdom is die lêhenne die produktiefste? (2)

5.3.2 Hoeveel lêhenne lê eiers op die ouderdom van 27 weke? (3)

5.3.3 Hoeveel lêhenne lê eiers op die ouderdom van 49 weke? (3)

5.4 Noem VIER faktore wat die aanbod van landbouprodukte beïnvloed. (4)

[20]

Copyright reserved

VRAAG 6

6.1 Beskikbaarheid van doeltreffende arbeid is een van die uitdagings wat die volhoubaarheid van landbouondernemings in Suid-Afrika affekteer. ☆

6.1.1 Noem TWEE tipes arbeid in landbou. (2)

6.1.2 Noem DRIE probleme wat verband hou met arbeid in landbou. (3)

6.2 Noem VIER voordele van marknavorsing. (4)

6.3 Noem VIER produksiefaktore. ☆ (4)

6.4 Onderskei tussen *weidingstelsel* en *gemengdeboerederystelsel*. (2 × 2) (4)

6.5 Grasse is belangrike inheemse plante vir boere omdat hulle ’n goeie bron van kos kan wees waarop diere kan wei.

6.5.1 Noem DRIE hoofgroepe veldgrasse. (3)

6.5.2 Beskryf kortliks die DRIE hoofgroepe wat in VRAAG 6.5.1 genoem is. (3 × 2) (6)

6.6 Noem VIER basiese bestuurstake. (4)

☆ **[30]**

TOTAAL AFDELING C: 50
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

ADDENDUM A

VRAAG 2

INKOMSTESTAAT VIR SENWABARWANA BOERDERY-ONDERNEMING **Tydperk: 01/01/2020–01/01/2021**			
ONTVANGSTES	**BEDRAG (R)**	**BETALINGS**	**BEDRAG (R)**
Totale ontvangstes		**Totale betalings**	
Wins = _____			

[30]

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

ADDENDUM B

VRAAG 4.3

ITEM	PRODUK	PRYS	PROMOSIE	PLEK	MENSE
Boodskap			X		
Verkoopprys		X			
Waarborg	X				
Verspreidings-kanale					
Kwaliteit					
Pryspassings-dienste					
Ligging					
Media					
Advertering					
Vervoer van goedere					
Handelsmerk-gewing en etikettering					

(8 × 2) (16)

Kopiereg voorbehou